Hoërskool
LADYSMITH
High School

Posbus 33 / P O Box 33
LADYSMITH
3370
KwaZulu-Natal

Telefoon : (036) 637-7091/2
Telephone : (036) 637-2221/2
Faks/Fax : (036) 637-2531
E-mail : info@lhs.co.za
Website : lhs.co.za

20 Februarie 2015

KENNISGEWING VAN 'N NOMINASIE– en VERKIESINGSVERGADERING VAN OUERS

Kennis word hiermee gegee van 'n vergadering om kandidate te nomineer en te verkies om die **9** ouerverteenwoordigers op die beheerliggaam van Hoërskool Ladysmith te verkies. Hierdie vergadering sal op **Donderdag**, **19 Maart 2015** om 18:30 in die skoolsaal van Hoërskool Ladysmith plaasvind.

Kandidate (wat ouers of voogde van ingeskrewe leerders moet wees en wat nie by die skool werksaam is nie) mag genomineer word deur 'n nominasievorm nie meer as 7 (sewe) dae nie en nie minder as 24 uur voor die nominasievergadering, by die Skoolhoof in te lewer nadat dit behoorlik deur die kandidaat, die voorsteller en die sekondant voltooi is. Die skoolverkiesingsbeampte sal ook tydens die nominasievergadering op **19 Maart 2015** aan die aanwesiges die geleentheid bied om mondelinge of skriftelike nominasies voor te lê. Hy sal ook aan 'n persoon wat 'n kandidaat benoem het die geleentheid gun om die kandidaat aan die vergadering bekend te stel en redes vir die benoeming te gee óf 'n benoemde kandidaat toelaat om hom- of haarself aan die vergadering bekend te stel.

NB: Dit is elke ouer of voog se verantwoordelikheid om te verseker dat sy of haar naam wel op die skool se toelatingsregister verskyn. Hierdie register is vir besigtiging vanaf Donderdag, 12 Maart 2015 tot 24 uur voor die verkiesingsvergadering, by die skool beskikbaar. U naam op die register is van wesenlike belang, aangesien slegs ouers wie se name wel op die register (kieserslys) verskyn, tot die skoolsaal en dus ook die stemming toegelaat sal word. Om hierdie rede moet u asseblief ook **bewys van identifikasie** by wyse van u Suid-Afrikaanse identiteitsboekie, of 'n geldige paspoort, na die vergadering bring. Mnr Barry Callaway, die skoolhoof van Egerton primêre skool, is as ons skoolverkiesingsbeampte aangestel.

Mag ek ook die volgende beklemtoon: Om te verseker dat die verkiesing van beheerliggaamlede wel op 19 Maart 2015 plaasvind, **moet** daar ‘n kworum van 15 persent van ons ouers teenwoordig wees. Dit is nagenoeg 222 individuele ouers. Indien hierdie kworum nie behaal word nie, moet die vergadering tot Dinsdag, 31 Maart 2015 verdaag, wanneer dit om 18:30 in die skoolsaal sal plaasvind, ongeag of daar ‘n kworum teenwoordig is of nie. **Dit is dus van die grootste belang dat ouers asseblief die verkiesingsvergadering op 19 Maart 2015 in groot getalle moet bywoon om te verseker dat die nuwe nege (9) beheerliggaamlede wel verkies word.**

Vriendelike groete

MNR JC PIETERSE
SKOOLHOOF

- -

Ek/Ons.....ouer(s)/voog(de)

van ..... in graad ..... (leerder in hoogste graad)

Sal ☐ *

sal nie ☐

die nominasie- en verkiesingsvergadering van ouers op Donderdag, 19 Maart 2015 om 18:30 in die skoolsaal bywoon.
* Plaas regmerkie waar van toepassing.

GETEKEN: (Ouer 1)..... DATUM: .....

(Ouer 2)..... DATUM: .....

Selfoonnommer: (Ouer 1) .....

(Ouer 2)……..

Epos: (Ouer 1) …….....

(Ouer 2) ……..